MISDAAD | CRIME
# BULLETIN
Junie | June 2024

## A. Sekuriteitsaktiwiteite

Gedurende die maand het die JSRA Sekuriteitsbeamptes die volgende suksesse behaal:

’n JSRA Patrollievoertuig was besig om te patrolleer in Coetzenburgstraat in Die Laan-area. Hy het opgemerk dat daar ‘n motorfiets vir ’n paar dae op dieselfde plek buite ‘n erf staan. By nadere ondersoek is daar gevind dat die motorfiets moontlik gesteel kan wees, aangesien daar met die bedrading van die motorfiets gepeuter is. Die eienaar van die huis waar die motorfiets gestaan het, is gekontak om seker te maak of dit nie hulle motorfiets is nie. Die eienaar het toe bevestig dat dit nie hulle eiendom is nie. Die kameras in die omgewing is nagegaan en daar is gevind dat die motorfiets deur twee verdagte persone gestoot is. By verdere ondersoek is gevind dat die motorfiets in die De Waalstraat-omgewing gesteel is. Die SAPD is gekontak en die toneel is aan die SAPD oorhandig. Videomateriaal is gestoor vir verdere ondersoekdoeleindes. Verdagtes en ’n moontlike verdagte voertuig is op die videomateriaal geïdentifiseer.

| Junie 2024 | |
|---|---|
| **Totaal** | **Klagtes** |
| ±217 | Verdagte persone (insluitend swerwers, bedelaars, smouse, ens.) |
| ±7 | Verdagte voertuie |
| ±60 | Oop hekke / motorhuisdeure / veiligheidshekke / huisdeure |
| ±12 | Verdagte aktiwiteite (blaf van honde, alarms, ens.) |
| ±332 | Klagtes in totaal waaraan aandag gegee is. |
| Ander: Verlore/gevonde goedere, verlore honde, oop voertuie, sleutels in voertuie toegesluit, waterlekke, straatligte buite werking, mediese gevalle, brand, motorongelukke, huisbraak, diefstal gewoon, diefstal uit motor, verkeersoortredings, drink in die publiek, rusverstoring, ens. | |

## B. Misdaadverslag

**Kontakmisdaad:**

| | |
|---|---|
| Moord / Poging tot Moord | Geen voorval is aangemeld nie. |
| Huisroof | Geen voorval is aangemeld nie. |
| Besigheidsroof | Geen voorval is aangemeld nie. |
| Gewapende Roof met ’n vuurwapen | Geen voorval is aangemeld nie. |
| Gewapende Roof met ’n ander wapen as ’n vuurwapen | Geen voorval is aangemeld nie. |
| Roof Gewoon | Geen voorval is aangemeld nie. |
| Verkragting/Seksuele Aanranding | Geen voorval is aangemeld nie. |
| Openbare onsedelikheid | Geen voorval is aangemeld nie. |

**Eiendomsverwante misdaad:**

| | |
|---|---|
| Huisbraak | Daar is een voorval van huisbraak onder die JSRA se aandag gebring.<br>Die voorval het op 'n Vrydagaand in die omgewing van Murraystraat in Die Laan-area plaasgevind. Die klaer in die saak het sy skootrekenaar in die leefarea van sy woning gelos om te laai en gaan slaap. Later het sy huismaat hom wakker gemaak en gesê dat die skuifdeur oop staan. Hy het toe opgemerk dat sy skootrekenaar weg is. By verdere ondersoek is daar gevind dat sy fiets, wat in die erf was, ook gesteel is. Verdagte/s onbekend. |
| Diefstal van Motorvoertuig / Motorfiets | Geen voorval is aangemeld nie. |
| Diefstal uit / vanaf 'n voertuig | Twee voorvalle van diefstal uit/vanaf voertuie is onder die JSRA se aandag gebring.<br><br>Die een voorval was 'n poging tot diefstal uit 'n voertuig. Die klaer het sy voertuig op 'n Maandagoggend in Die Laan-area geparkeer. Later dieselfde oggend toe hy terugkeer na sy voertuig het hy opgemerk dat die ruit gebreek is. Niks is uit die voertuig gesteel nie. Verdagte/s onbekend.<br><br>Die ander voorval het in die Jonkershoekvallei op 'n onbekende tyd plaasgevind. Die klaer het twee voertuie parkeer. Toe hy terugkeer na die voertuie, het hy opgemerk dat die batterye uit die voertuie gesteel is. Verdagte/s onbekend. |
| Diefstal Gewoon | Daar is drie voorvalle van diefstal gewoon onder die JSRA se aandag gebring.<br><br>Die een voorval het op 'n Maandagoggend in die omgewing van Rowanstraat in Mostertsdrift plaasgevind. Die klaer het drie asdromme uitgesit en toe hy terugkeer om dit in die erf terug te sit, was die een asdrom weg. Die klaer het 'n saak van diefstal by die SAPD geopen. Verdagte/s onbekend.<br><br>Die klaer het op 'n Donderdagmiddag in die omgewing van Jannaschstraat, Mostertsdrift, sy selfoon in sy sak geplaas. Toe hy terugkeer by sy sak, het hy opgemerk dat sy selfoon weg is. Die klaer het 'n saak van diefstal by die SAPD geopen. Verdagte/s onbekend.<br><br>'n Lid van die gemeenskap het op een van die sekuriteit WhatsApp-groepe gerapporteer dat verdagtes vermoedelik van hulle proteablomme gesteel het. Twee verdagtes wat in die omgewing rondbeweeg het, is voorgekeer. Die blomme is nie ver van die moontlike verdagtes gevind nie. Die klaer het egter nie 'n saak geopen nie en die verdagtes is laat gaan. |

## C. Misdaad aangrensend aan die JSRA (nie JSRA-area nie)

Wees asseblief op jou hoede as jy die volgende omgewings besoek.

| | |
|---|---|
| Winkelsentrum en omgewing aangrensend aan die JSRA | Die volgende sake is onder ons aandag gebring.<br>Die klaer en 'n vriendin het op 'n Donderdag vroegoggend teen 04:00 koffie gaan koop by die motorhawe by die winkelsentrum. Nadat hulle koffie gekoop het, het twee persone hulle genader en vir geld gevra. Die klaer het vir hulle geld gegee waarna een van die verdagtes hom toe gegryp en sy selfoon geneem het. Die klaer het weerstand gebied en die verdagtes het gedreig om hom met 'n mes te steek. Die verdagtes het toe die items geneem en gevlug. Geen beserings. Verdagtes onbekend.<br><br>Die klaer het in die omgewing van die winkelsentrum vir 'n kliënt gewag wat 'n uber-voertuig bestel het. Terwyl hy vir die kliënt wag, het twee manspersone hom genader. Hy het aangeneem dat dit hulle is wat die uber-voertuig bestel het en het die deure vir hulle oopgesluit. Beide die mans het ingeklim. Een van die persone het voor by hom ingeklim en die ander een het agter hom ingeklim. Die persoon agter hom het toe 'n vuurwapen op die klaer gerig en vir hom aangesê om te ry. In die omgewing van Kraaifontein het hulle 'n verdere twee persone opgelaai. Hulle het 'n boks wyn by hulle gehad en hom aangesê om na 'n ander area te ry, waarna hulle toe uit die voertuig geklim en gevlug het.<br><br>In die omgewing is daar ook 'n persoon deur die SAPD gearresteer vir die besit van 'n moontlik gevaarlike wapen.<br>Daar was 'n huisbraak by die winkelsentrum waar die verdagte deur die dak van die perseel gekom het. Bottels drank is gesteel. SAPD is gekontak.<br>Daar is ook deur die nag verskeie koperpype in die omgewing van die winkelsentrum gesteel.<br>Geen voorvalle van OTM bedrog is onder ons aandag gebring nie, maar wees steeds bedag by alle OTM's vir bedrog/diefstal/roof. |
| Botmaskop/African Valley | Geen voorval is onder ons aandag gebring nie |
| Helshoogtepad | Daar is 'n persoon deur die SAPD gearresteer wat in besit was van vermoedelik verbode middels.<br>Geen sake van roof is onder ons aandag gebring nie. Wees asb. steeds bedag as jy in die omgewing fietsry / draf / stap. Moenie alleen of in klein groepies gaan nie. Probeer sover as moontlik om in groot groepe te gaan. Indien enige verdagte aktiwiteite / persone / voertuie opgemerk word, skakel asb. onmiddellik die JSRA Beheerkamer. |

| | |
|---|---|
| Bergpad agter Coetzenburg / Coetzenburg Stadion / Suidwal- / Noordwal-Wes-omgewing | Verskeie sake is onder die JSRA se aandag gebring – onder andere:<br>Diefstal uit/vanaf voertuie<br>Diefstal van voertuie<br>Indien enige verdagte aktiwiteite / persone / voertuie opgemerk word, skakel asb. onmiddellik die JSRA Beheerkamer. |
| Jan Maraispark-omgewing | Geen voorval is onder ons aandag gebring nie |

Wees asseblief bedag as jy hierdie omgewings besoek en MOENIE ALLEEN OF IN KLEIN GROEPIES gaan stap / draf / fietsry nie, maar gaan verkieslik in groot groepe. Wees ook bedag by alle OTM's wanneer jy geld trek.
Neem asb. kennis dat Diefstal uit voertuie en Diefstal van voertuie in die Stellenbosch-omgewing toeneem.
Verwyder asb. alle waardevolle items uit jou voertuig en maak seker dat jou voertuig gesluit is.
.

**D. <u>Spesiale versoek en wenke</u>**

Inwoners word weereens versoek om asseblief alle sake by die SAPD aan te meld.

Maak asb. seker dat jy die regte nommer het vir die Jonkershoek SRA Beheerkamer:
**JSRA BEHEERKAMER - 062 027 1601**

JSRA het Sekuriteit en Sosiale WhatsApp/Telegram groepe vir die JSRA area. Indien jy nog nie op een van die groepe is nie, registreer asb. op die volgende skakel:

**https://forms.gle/MPH3iba2qbxnTabD6**

**Vriendelike groete**
**JSRA Bestuur**

## A. Security Activities

The JSRA Security officers achieved the following successes:

A JSRA Patrol vehicle was patrolling in the area of Coetzenburg street, The Avenue area. The officer noticed that a motorcycle had been standing outside a yard in the same place for a few days. Upon further investigation, it was found that the motorcycle may have been stolen, as the wiring of the motorcycle had been tampered with. The owner of the house where the motorcycle was parked was contacted to make sure it was not their motorcycle. The owner then confirmed that it was not their property. The cameras in the area were checked and it was found that the motorcycle had been pushed by two possible suspects. Upon further investigation, it was found that the motorcycle had been stolen in the vicinity of De Waal Street. SAPS was contacted and the scene was handed over to the SAPS. Video footage has been stored for further investigation purposes. Suspects and a possible suspect vehicle were identified on the video footage.

| **June 2024** | |
|---|---|
| **Total** | **Complaints** |
| ±217 | Suspicious persons (including wanderers, beggars, hawkers, etc.) |
| ±7 | Suspicious vehicles |
| ±60 | Open gates / garage doors / security gates / house doors |
| ±12 | Suspicious activities (barking dogs, alarms, etc.) |
| ±332 | Complaints in total to which attention was given |
| Other: Lost/found goods, lost dogs, open vehicles, keys locked in vehicles, water leaks, street lights out of order, medical cases, fire, car accidents, house-breakings, common theft, theft from a car, traffic offenses, alcohol abuse in public, disorder, etc. | |

## B. Crime report

**Contact crime:**

| | |
|---|---|
| Murder / attempted murder | No incident reported. |
| House robbery | No incident reported. |
| Business robbery | No incident reported. |
| Armed robbery with a firearm | No incident reported. |
| Armed robbery with a weapon other than a firearm | No incident reported. |
| Common robbery | No incident reported. |
| Rape / sexual assault | No incident reported. |
| Public indecency | No incident reported. |

**Property related crime:**

| | |
|---|---|
| House-breaking | One incident of house-breaking was reported to us.<br>The incident occurred on a Friday night in the vicinity of Murray Street, The Avenues area. The complainant in the case left his laptop in the living area to be charged when he went to bed. Later in the night his partner wakened him and pointed out that the sliding door stood open. He then determined that his laptop was stolen. On further investigation he determined that his bicycle, which was on the premises, was also stolen. Suspect/s unknown. |
| Theft of motor vehicle / motor cycle | No incident reported. |
| Theft from / out of a vehicle | Two incidents of theft from / out of a vehicle were reported to us.<br><br>One incident was an attempt towards theft out of a vehicle. The complainant parked his vehicle on a Monday morning in The Avenues area. Upon return to the vehicle he observed that a window was broken. Nothing was stolen from the vehicle. Suspect/s unknown.<br><br>The other incident occurred in the Jonkershoek Valley. The time of the incident is unknown. The complainant parked two vehicles and when he returned, he determined that the batteries were stolen from the vehicles. Suspect/s unknown. |
| Theft general | Three incidents of theft general were reported to us.<br><br>One incident occurred on a Monday morning in the vicinity of Rowan Street in the Mostertsdrift area. The complainant put out three garbage bins. When he came back to return the garbage bins to their normal position, one of the bins was not there. The complainant opened a case at the SAPS. Suspect/s unknown.<br><br>On a Thursday afternoon in the vicinity of Jannasch Street, Mostertsdrift area, the complainant put his cell phone in his bag. When he returned to his bag, his cell phone was gone. He opened a case at the SAPS. Suspect/s unknown.<br><br>A member of the community reported on one of the security WhatsApp groups that a suspect stole some of their Protea flowers. Two suspects roaming in the area were confronted. The flowers were found, not far away from where the suspects were. The complainant decided not to open a case and the suspects were allowed to go. |

## C. Crime in areas adjacent to the JSRA (not JSRA area)

Please be on the alert when you visit the following areas.

| | |
|---|---|
| Shopping centre bordering the JSRA | The following cases were brought to our attention.<br>The complainant and his girlfriend went at 04:00 on a Thursday morning to buy coffee at the petrol station near the shopping centre. After they had bought the coffee, two persons approached them and asked for money. The complainant gave them money, after which one of the suspects grabbed him and took his cell phone. The complainant showed resistance and the suspects threatened to stab him with a knife. The suspects then took the items and fled. No injuries. Suspects unknown.<br><br>In another incident a complainant, who drives an Uber, waited in the vicinity of the shopping centre for a client who ordered an Uber. While waiting for the client, two men approached him. He made the assumption that these were the two men who ordered the Uber. So he opened the doors of the Uber. Both men climbed in, one at the front seat and the other at the back. The person at the back pointed a firearm at the complainant and ordered him to drive. In the Kraaifontein area they picked up another two men. They had a box of wine with them and ordered him to drive towards another area. There they exited the vehicle and fled.<br><br>In the area a person was also arrested by the SAPS for being in possession of a potentially dangerous weapon.<br>There was also an incident of house-breaking where the suspect entered the property through the roof of the building. Bottles of wine were stolen. The SAPS was contacted.<br>Several copper pipes were also stolen in the area of the centre during the night.<br>No incidents of ATM fraud were brought to our attention. Please remain on the alert for ATM fraud/theft/robbery. |
| Botmaskop/African Valley | No incident reported to us. |
| Helshoogte Road | A person was arrested by the SAPS for being in possession of presumed prohibited substance.<br>No incidents of robbery were brought to our attention. Please be on the alert when you cycle / jog / hike. Never go on your own or in small groups. You should preferably go in large groups. If any suspect activities / persons / vehicles are observed, immediately contact the JSRA control room. |
| 'Bergpad' behind Coetzenburg / Coetzenburg Stadium / Suidwal- / Noordwal-Wes area | Several incidents were brought to our attention, among others:<br>Theft from / out of vehicles<br>Theft of vehicles |

| | |
|---|---|
| | If any suspect activities / persons / vehicles are observed, immediately contact the JSRA control room. |
| Jan Marais Park area | No incident reported to us. |

Please be on the alert when you visit these areas and NEVER GO ON YOUR OWN OR IN SMALL GROUPS when you jog / hike / cycle. You should preferably go in large groups.
Also be on the alert at all ATMs when you withdraw money.
Please take note that theft of vehicles and theft from/out of vehicles are increasing in the Stellenbosch area.
Please remove all valuable items from your vehicle and make sure that your vehicle is locked.

.

## D. Special request and hints


Residents are again requested to report all cases to the SAPS.


Please make sure that you have the correct number of the Jonkershoek SRA control room:
**JSRA CONTROL ROOM - 062 027 1601**

The JSRA has Security and Social WhatsApp/Telegram groups for the JSRA area. If you have not yet joined one of these groups, please register at the following link:
**https://forms.gle/MPH3iba2qbxnTabD6**

**Best regards**
**JSRA Management**


## JSRA - Misdaadgrafieke/ Crime Charts



# MISDAAD | CRIME BULLETIN

Junie | June 2024




Neem asb. kennis dat dit nie amptelike SAPD statistiek is nie, maar statistiek wat deur die JSRA bygehou word. (pogings ingesluit)
Please note that this is not official SAPS stats, but stats that have been compiled by the JSRA (including attempts).